# BOEKBESPREKING

James Large: **Two hundred and eighty Titles and Symbols of Christ,** Baker Book House, Grand Rapids, Michigan, 1959; 486 bladsye; 4.95 dollar.

Hierdie boek, wat 'n herdruk is van 'n publikasie wat in 1888 in Londen verskyn het, is geskryf vir „onderwysers, predikante en lekepredikers". Dit is 'n gekommentarieerde, alfabeties gerangskikte versameling van die Name, titels en simboliese en tipologiese gestaltes van Jesus Christus soos hulle in die Heilige Skrif voorkom. Die materie word aangebied in die vorm van toepaslike en meditatiewe dagstukkies.

Diepgaande eksegese, openbaringshistoriese benadering in die wetenskaplike sin van die woord, komparatiewe teksverklaring en stewige dogmatiese fundering vind 'n mens uiteraard hier nie.

Tog is dit 'n waardevolle boek. Sy waarde is geleë in die ontsaglike aantal versamelde Name en simboliese en tipologiese gestaltes van Christus. Om dit alles in een boek bymekaar te hê, is veral vir die bedienaar van die Woord van betekenis. Vir die Christusprediking lê hier 'n skat van Bybelgegewens met homiletiese stof wat, hoewel enigsins anders as die onder ons gangbare preekwyse, tog met die nodige oorleg baie vrugbaar gebruik kan word — selfs al is dit dan maar net om die gedagtes aan die gang te sit. Ook vir die lidmaat wat hom in die volheid van die Christologiese openbaringsvorme wil verlustig, is hier baie goeie leesstof.

Die titels en simbole word in alfabetiese volgorde aangebied. Gebruik van die boek word verder vergemaklik deur 'n geklassibseerde indeks en 'n sake- en persoonsregister. Die werk is in 'n netjiese groen linneband met goue titelinskripsie op die rugkant gebind. Aanbeveel.

P. W. BUYS.

Jacob T. Hoogstra e.a.: **John Calvin Contemporary Prophet,** uitgegee deur Baker Book House, Grand Rapids, Michigan V.S.A., 1959; pp. 257, prys 4 dollars 50 cente.

Ons het hier te doen met 'n geleentheidsgeskrif wat in opdrag van die Calvinistic Action Committee uitgegee is. Dit word in die newetitel „A Symposium" genoem.

Die aanleiding tot die verskyning van hierdie werk is die 450ste herdenking van die geboortedag van Calvyn en die herdenking van die 400ste jaar van die verskyning van die finale edisie van Calvyn se Institusie, d.w.s. die laaste edisie wat Calvyn self vir die pers gereeds gemaak het.

Die gedagte van die redakteur, J. T. Hoogstra, en sy medehelpers was om by hierdie geleentheid die geboorte van Calvyn te herdenk deur uit sy werke aan te toon dat hy na meer as vier eeuwe vandag nog tot die mensdom kon spreek en dit veral omdat hy op sy beurt getrag het om die Heilige Skrif te laat spreek.

Die inhoud van die boek is soos volg gerangskik:

Introduction: Calvinism Four hundred years after, by John H. Gerstner.

Part I **The Humility of the prophet.**

(1) The humility of the prophet, by Pierre Marcel.
(2) The tolerance of our prophet, by Wm. Childs Robinson.
(3) Pastoral care of the prophet, by Jean Daniel Benoît.

Part II **The Pen of the prophet.**

Part II **The Pen of the prophet,** by Philip E. Huges.

Part III **The Relevance of the prophet.**

(1) Calvin on the Inspiration of Scripture, by A. D. R. Polman.
(2) Calvin and the Kingdom of God, by G. Brillenburg Wurth.
(3) Calvin and Ethics, by H. G. Stoker.
(4) Calvin and Ecumenicity, by J. H. Kromminga.
(5) Calvin and Missions, by J. van den Berg.

(6) Calvin and Rome, by G. C. Berkhouwer.
(7) Calvin and the School, by J. Chr. Coetzee.
(8) Calvin and the Social Order, by C. Greff Singer.
(9) Calvin and the Political Order, by W. Stanford Reid.

Die inhoud is opsetlik weergegee om te laat sien wat 'n geweldige terrein die werk dek. Dit was op sy beurt weer nodig om te laat blyk dat die gees van Calvyn nie beperk was tot 'n afgeslote terrein van die lewe nie, maar dat hy die hele front gedek het. Deur dit te doen het die skrywers elkeen op sy eie terrein uit die werke van Calvyn, nie net uit sy Institusie nie, sy eie gedagtes na vore gebring om sodoende aan te toon wat daardie gedagtes vandag nog tot ons te sê het. En by die nalees van die boek is dit eenvoudig verbysterend om te sien wat God deur een nietige mens laat doen het.

Die vraag is nou of die afsonderlike skrywers daarin geslaag het om Calvyn as 'n „contemporary prophet" te laat spreek. En dan meen ek kan ons in die algemeen ja antwoord. Vanselfsprekend is die verskillende verhandelinge nie op presies dieselfde lees geskoei nie, maar daarom sê ons „in die algemeen" ja.

Ons moet verder in gedagte hou dat die skrywers die onderwerpe in beperkte ruimte moes behandel, en dit moes ongetwyfeld remmend op hulle ingewerk het.

Die feit dat verskeie stukke vertalinge is maak ook dat die styl nie altyd so maklik vlot nie. Maar ook dit doen nie veel afbreuk aan die waarde van die boek nie.

Daar is reeds so baie oor Calvyn geskrywe, maar ons kan beslis dankbaar wees dat die Calvinistic Action Committee die werk laat aanpak en deurvoer het.

Ons dank ook aan die skrywers wat die groot saak help deurvoer het en veral ook aan die redakteur en uitgewers vir die wyse waarop die boek afgewerk en op die boekemerk gebring is.

J. P. JOOSTE.

---